# Liturgiese Riglyne

**SONDAGOGGEND 08:00 EN 09:30**

## Noag se ark is simbolies van die doop van God se genade

**Skriflesing:**
1 Petr 3:13-22

**Teksvers:**
1 Petr 3:20

**Sing:**
Ps 147-1:1
Sb 12-2:1-4
Lied 203:1
Sb 16:1,2,3
Ps 66-1:1,6
Sb 13-3

**Prediker**: Ds Gerrit Kruger

Die simboliese betekenis van die ark wat Noag gebou het, is baie meer as net 'n blote boot waarop diere en agt mense gered is van 'n watermassa. Dit is ook 'n teken van die doop. Die formuliergebed by die doop lui as volg: "*U het volgens u streng oordeel die ongelowige en onboetvaardige wêreld met die sondvloed gestraf en die gelowige Noag met sy gesin – agt mense – deur u groot barmhartigheid gered en bewaar;…waardeur die doop afgebeeld is.*"

Noag se ark was ….

- 'n gehoorsaamheidsdaad 1 Petr 3:20
- 'n waarskuwingsdaad 1 Petr 3:20
- 'n reddingsdaad 1 Petr 3:20

**SONDAGAAND 18:00**

## Slegs Jesus Christus kan red

**Skriflesing:**
Matteus 7:1-29

**Teksvers:**
Matteus 7:21-23

**HK** Sondag 11

**Sing:**
Ps 149:1, 2
Ps 145:1, 5, 12
Ps 20:1, 4, 5, 6, 9
Sb 13-3

**Prediker**: Ds Lourens Venter

Jesus Christus is die Enigste Verlosser. Maar nie elkeen wat vir die Here Jesus "Here" sê sal ingaan in die koninkryk van God nie.

Hierdie woorde is hard en voel koud. Nie alle mense sal gered word nie. Dit is natuurlik totaal in teenstelling met hoe Jesus se verlossing vandag voorgestel word. Ons hoor baie hoe goedkoop hierdie verlossing gemaak word deur mense wat beweer dat Jesus vir almal gesterf het. Of die uitdrukking: Jesus is lief vir almal.

Ons staan vanaand stil by ons belydenis rakende Jesus Christus as Enige en Ware Verlosser. Amen




# KOMMUNIKAATJIE

**Gereformeerde Kerk Centurion**

DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA
DIE POORTE VAN DIE HEL SAL DIT NIE OORWELDIG NIE

**Jaargang 46 Nr 28 29 Augustus 2021**

Webblad: http://www.gkcenturion.co.za


## Het jy tyd om vrug te dra tydens die inperkings?

**Joh 15:4**

"*Julle moet in My bly en Ek in julle. 'n Loot kan nie uit sy eie vrugte dra as hy nie aan die wingerdstok bly nie; en so julle ook nie as julle nie in My bly nie.*"

Dit is belangrik om vrugte te dra wat by die bekering pas. Veral in hierdie tyd van inperkings moet ons bly vrug dra. Maar nou is die probleem dat ons nie meer vrylik, elke Sondag, eredienste kan en mag bywoon nie. Is dit 'n probleem vir jou om vrug te dra?

Die probleem is dat baie Christene se vrug dra beteken om eredienste by te woon en die res van die week is daar nie baie tyd om aan God te spandeer nie. Miskien kan ek selfs as predikant of ouderling of diaken of suster baie besig wees met "kerkwerk". Dit kan wees dat jy baie tyd spandeer by die kerk en vir die kerk en met die kerk. **Määr** hoeveel tyd spandeer jyself, fisies met Bybellees en persoonlike gebede. Die wedergeboorte is om as 'n ware ingeënt te word in die wingerdstok, Jesus Christus.

Hierdie inenting vra tyd saam met God. Dit vra dat jy persoonlik tyd moet spandeer met Bybellees en bid. Jy moet biddend deur die leiding van die Heilige Gees jou krag put uit die Woord. Die gevolg is ook dat jy sal honger na nog meer, na die geestelike voedsel. Ook Sondae word ons gevoed in die eredienste. Daarom sal jy ook hunker na die eredienste, sal jy ywerig, binne die protokolle, Sondag die eredienste wil bywoon. Net soos wat jy werk toe moet gaan, winkels toe moet gaan vir kos, kan jy ook na die eredienste toe kom. Moet daarom nie te besig raak met jou werk, jou persoonlike sake, jou wegkruip vir die virus en nie by God uitkom nie.

Is jy werklik besig om soos 'n loot aan 'n wingerdstok, in hierdie tyd van inperkings en die virus, jouself te voed met die Woord? Is jy besig om geestelik te groei soos in loot wat 'n tak word? Dit is so noodsaaklik tot verheerliking van God en tot vertroosting en versterking van ons almal. Mag God ons vashou en seën en voed in Sy groot, onmeetbare liefde en barmhartigheid.

Ds. Gerrit

